

**Seuns wat groot
geword het om
die wêreld te
verander**




Achmat Hassiem



Alan Turing

Achmat Hassiem

(Gebore 1982)



Een stil Sondag oggend in Kaapstad was Achmat en sy broer Tariq op die strand en het saam met vriende vir hul lewensredders eksamens geoefen.

In die eksamen het sommige mense voorgegee dat hulle besig was om te verdrink terwyl die ander 'n boot te water gelaat het om hulle te red.



Tariq het uitgeswem en gedryf, terwyl Achmat nader aan die kus gebly het, en albei het gewag om gered te word.



Dit was toe dat Achmat 'n groot, donker vorm na sy broer sien beweeg het. Hy was nie seker wat dit was totdat 'n swart vin die water gebreek het nie. Die vorm was 'n groot haai.



a



Achmat het probeer om die haai se aandag af te lei, en het mal
gespat en geskree. Sy taktiek het gewerk. Die haai het om
gedraai en eerder na hom gegaan en die reddingsboot kon vir
Tariq na veiligheid trek.



Maar daar was nie tyd vir die boot om Achmat te bereik nie. Die haai het op gekom, sy kakebeen oop gesluit, met rye en rye bloederige gekartelde tande. Achmat het probeer weg kom. Hy kon nie beweeg nie. Toe hy af gekyk het, het hy besef die dat die haai sy hele been in sy mond gehad het.



Op die laaste oomblik het sy broer se hand van bo af verskyn
en hom aan boord van die boot gesleep.



Toe hy in die hospitaal wakker geword het, het Achmat in 'n depressie verval. Sy been was weg.

Hy was nog altyd lief vir sport en swem en nou was hy bekommerd dat hy dit nie sou kon doen nie.




Toe kry hy besoek van 'n atleet genaamd Natalie du Toit. Sy het haar been verloor toe sy sewentien was en 'n Paralimpiese swemmer geword. Sy het medaljes by drie verskillende Paralimpiese Spele gewen. Sy het vir hom gesê hy moet dit probeer.



Hy het, en hy het uiteindelik ook in die Paralimpiese Spele
gewen.

Toe hy vir die laaste wedren uit gestap het, het die gehoor
gesing. 'Haai seun! Haai seun! Haai seun!'




Alan Turing

(1912-1954)



Tydens die Tweede Wêreldoorlog het lande met mekaar gepraat deur kodes te gebruik om te verhoed dat hul vyande hul boodskappe verstaan. Die belangrikste en moeilikste kode is deur die Duitsers gebruik. Dit is 'Enigma' genoem.



Brittanje was desperaat om die kode te kraak. As hulle kon, sou hulle al hul vyand se geheime ken, insluitend hul volgende bewegings. Maar dit was amper onmoontlik. Daar was net een persoon aan wie hulle kon dink wat dalk sou kon help: Alan Turning.



Alan was van kleins af lief vir nommers. Hy was nie op skool aangemoedig nie, maar toe hy by die universiteit aansluit, het Alan gefloreer.



Hy het suiwer wiskunde gestudeer, en toe het sy ongewone manier van dink hom laat soek na praktiese maniere om wiskunde te gebruik.

Hy wou die manier waarop mense leef op 'n nuttige manier verander. Hy het 'n verslag gepubliseer wat blykbaar die begin van moderne rekenaars aan gedui het.



Nadat hulle hom in gebring het, het Alan die regering gehelp om die Enigma-kode te breek deur 'n masjien genaamd die 'Bombe' te bou. Sommige mense dink dat, deur die kode te kraak, Alan die oorlog met vier jaar verkort het, wat sou beteken dat hy miljoene lewens gered het.



In 1952 het die polisie gerugte gehoor dat hy homoseksueel was. Destyds was om homoseksueel te wees nog 'n misdaad, en hy was gearresteer.



Alan was skuldig bevind. Selfs ná wat hy vir die land gedoen het, is hy die keuse gegee om tronk toe te gaan of dwelms te neem wat hom kwansuis sou verander. Hy het die dwelms gekies en dit het hom siek gemaak. Die pyn was te veel, dit het veroorsaak dat hy homself vergiftig het en hy het gesterf.



Maar hy is nooit vergeet nie. Een-en-sestig jaar later, in 2013, is 'n postuum koninklike kwytskelding aan Alan toe gestaan, en vier jaar daarna, in 2017, is Turning se wet aangeneem, wat alle mans wat ooit skuldig bevind is aan enigiets wat verband hou met homoseksueel wees, vergewe is.



Sy agter kleinniggie, Rachel Barnes, dink dit is geweldig, maar wil hê mense moet onthou dat Alan baie meer as net sy seksualiteit was. Hy was 'n ongelooflike intelligente, toegewyde en vooruitdenkende persoon wat gehelp het om die lewens van talle ander te red.





THINK

DIGITAL ACADEMY